basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Afrikaans Tweede Addisionele Taal

# (KABV)

## Graad 10

## Lesse vir leerders

## Tweede Kwartaal

## 2012

# Erkenning word hiermee aan die samestellers van hierdie lesse verleen.

**Mari Smit, Carine Lubbe, Susannie Pretorius, Elaine Hefer, Kobus Visagie, Valerie Kilian**
**Vrystaat Departement van Onderwys**

**Departement van Basiese Onderwys**

Sol Plaatje Huis
Strubenstraat 222
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika
Tel: +27 12 357-3000
Faks: +27 12 323-6601

Pleinstraat 120
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika
Tel: +27 21 465-1701
Faks: +27 21 461-8110
http://www.education.gov.za

http://www.thutong.doe.gov.za

**© 2012 Departement van Basiese Onderwys**

Kopiereg voorbehou

# Inhoudsopgawe

**Hoofstuk 6: Laduuuma!!** **4**

**Hoofstuk 7: Geld wat krom is ...** **15**

**Hoofstuk 8: Rolmodelle** **26**

**Hoofstuk 9: Kies koers deur die vriendelike Vrystaat** **36**

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 6: Laduuuma!!



In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * aan ŉ klasbespreking oor sokker deelneem.<br>* aanwysings na ŉ sokkerstadion gee.<br>* ŉ luisteroefening doen. |
| Lees en kyk | * ŉ artikel vir inligting en begrip lees.<br>* vrae oor ŉ leesteks beantwoord. |
| Skryf en aanbied | * instruksies skryf oor hoe om sokker te begin speel. |
| Taalstrukture en -konvensies | * jou woordeskat oor die tema uitbrei.<br>* bevelsinne gebruik.<br>* sinonieme en antonieme gebruik.<br>* voegwoorde korrek gebruik.<br>* voorsetsels korrek gebruik. |

## Luister en praat

**Woordeskat:**
gunsteling: *favourite*
logo: *picture or design that a soccer club uses as its special sign*

## Praat: Klasbespreking

Kyk na die logo's en die foto's en beantwoord die vrae:






[Bron:*Google Images*]

- Watter sokkerklubs se logo's word gegee?
- Waar is elke klub?
- Dink jy die logo's pas by die klubs? Hoekom sê jy so?
- Watter klub is jou gunsteling en hoekom?
- Noem die beste spelers in jou gunsteling span.
- Wie is jou gunsteling speler en hoekom?

Kopiereg voorbehou


- Pas die logo en speler bymekaar.
- Dink jy dit is maklik om sokker te leer speel? Hoekom sê jy so?

## Praat: Groepbespreking

Verdeel in groepe van vier en verduidelik aan mekaar hoe julle by die sokkerstadion op die prentjie hieronder sal uitkom.

### Lees die volgende leidrade wat jy kan gebruik:

| | |
|---|---|
| draai links in: *turn left into* | hou reguit aan: *keep straight* |
| draai regs in: *turn right into* | aan die linker-/ regterkant: *on the left/right* |
| ry/loop oor die brug: *cross the bridge* | vertrek vanaf die skool: *leave from the school* |
| ry/loop om die sirkel: *go around the circle/ round about* | langs die polisiestasie is ..: *next to the police office is..* |
| ry/loop om die hoek: *go round the corner* | ry/loop tot by die stasie: *go as far as the station* |
| ry/loop in die straat af: *go down the street* | |




****Jy is hier.**

### Oefening 1: Woordeskat

Skryf die <u>aanwysings</u> puntsgewys neer.

Begin so: 1. Ry reguit in die straat af.
2. Draai ... in ...

Kopiereg voorbehou

## Taal in konteks: Soorte sinne

In Afrikaans is daar vier soorte sinne: stelsinne, vraagsinne, bevelsinne en uitroepsinne.

Watter soort sin is die volgende sinne? Waarom sê jy so?




1. Sipho is ŉ goeie sokkerspeler.
2. Hoekom het ons verloor?
3. Stop daardie doelwagter!
4. Sjoe, dit is ŉ pragtige stadion!

### Oefening 2: Bevelsinne

Skryf ŉ <u>bevelsin</u> by elke prentjie.

Voorbeeld: Dans Tsidi!



1. _________ 2. _____________ 3. ________________ 4. __________





5. __________________ 6. ___________________ 7. __________

[Uit: *Google Images*]

Kopiereg voorbehou

## Voor jy luister

Ken jy die volgende woorde?

**Woordeskat:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| sokkerkoors: *soccer fever* | gunsteling: *favourite* | koerant: *newspaper* | wedstryde: *matches* |
| passie: *passion* | naaste: *closest* | hemp: *shirt* | by te woon: *to attend* |
| | flieks: *movies* | sluit aan: *join* | gewild: *popular* |

Wat doen mense wat baie van sokker hou?
Hoekom dink jy is daar sokkerondersteuners (*supporters*) wat hulle nie by sokkerwedstryde gedra nie?

## Terwyl jy luister

- Luister na die teks wat vir jou voorgelees word.
- Maak aantekeninge terwyl jy na die teks luister.
- Luister weer na die teks.

## Nadat jy na die teks geluister het

- Beantwoord die volgende vrae:

**Oefening 3: Luisterbegrip**

1. Waarna moet jy kyk?
2. Wat moet jy van jou gunsteling sokkerklub koop?
3. Waar moet jy aansluit?
4. Noem ŉ gewilde klub in Suid-Afrika.
5. Noem ŉ baie sterk klub oorsee.
6. Noem twee maniere hoe jy ŉ oorsese span kan volg.
7. Hoekom dink jy is sokker so ŉ wonderlike sportsoort?
8. Wat dink jy beteken LADUMA?

- Assesseer jou antwoorde met die riglyne wat die onderwyser vir jou sal gee.

## Lees en kyk

## Voor jy lees

**Oefening 4: Sinonieme en antonieme**

- sinonieme *(synonyms)* – *woorde* wat dieselfde beteken (*Words of the same or similar meaning.*)
- antonieme *(opposites)* – woorde wat die teenoorgestelde beteken (*Words with opposite meaning.*)

Soek sinonieme en antonieme vir die volgende woorde in die leesteks hieronder:

| ***Sinonieme*** | ***Antonieme*** |
|---|---|
| geluide | moderne |
| huil | oop |
| kar | ouer |
| brandstof | land |

Kopiereg voorbehou

**Woordeskat**

| | |
|---|---|
| horing: *horn*<br>tradisionele: *traditional*<br>ondersteuner: *supporter*<br>straalvliegtuie: *jets*<br>beskerm: *protect*<br>klapper: *cracker* | gemeenskappe: *communities*<br>vergadering: *meeting*<br>geraasvlak: *noise level*<br>oorpluisies: *ear plugs*<br>geweerskoot: *gun shot*<br>gewoond raak: *get used to* |

**Kyk na die prentjie in die teks hieronder.**

- Waaroor dink jy sal hierdie teks gaan?
- Hoekom is die een mannetjie onderstebo geteken?

**Lees nou die artikel.**

# ALLES OOR DIE VUVUZELA




Vuvuzela beteken koedoehoring. In die tradisionele gemeenskappe word die vuvuzela gebruik om ŉ vergadering aan te kondig of om mans op te roep om te veg. Die nuwer kuduzela is nie reguit soos die vuvuzela nie, maar gedraai soos ŉ horing en kan, anders as die vuvuzela, baie klanke maak. Die sokkerondersteuners ken nog nie die kuduzela nie en hulle sal eers daaraan gewoond moet raak.

HOE OM DIE VUVUZELA TE BLAAS:

1. Druk jou lippe toe en hou hulle toe.
2. Blaas so hard as jy kan.
3. Lig jou lippe in die middel van mekaar en laat die lug daardeur vibreer.

Dit sal eers klink soos ŉ ou koei wat die gees gee. Klein kindertjies sal begin huil. Honde sal tjank, maar hou aan. Jou lippe sal niks meer voel nie en hulle sal begin bloei. Wanneer jou familie dreig om jou uit die huis te gooi, sal jy weet jy is reg om jou plek by ŉ sokkerwedstryd vol te sit.

NOG GOED WAT JY MET DIE VUVUZELA KAN DOEN:
Los ŉ vuvuzela in die agterruit van jou motor om die wys dat jy ŉ ondersteuner van sokker is. Jy kan dalk ook die vuvuzela gebruik om petrol in jou motor te gooi as die motor gaan staan.
Die geraasvlak van ŉ vuvuzela is dieselfde as die van ŉ geweerskoot of ŉ klapper. ŉ Paar duisend vuvuzelas in ŉ vol stadion is dieselfde as die van 60 straalvliegtuie wat opstyg. Dalk moet ŉ mens maar oorpluisies in jou ore sit om jou ore te beskerm.

[Verwerk uit *Sokker*]

Kopiereg voorbehou


**Nadat jy gelees het, kan jy die volgende vrae beantwoord.**

1. Wat beteken die woord *vuvuzela*?
2. Waarvoor word die *vuvuzela* in tradisionele gemeenskappe gebruik?
3. Hoe lyk die *kuduzela*?
4. Hoekom dink jy is die naam *kuduzela* gekies?
5. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR? Motiveer jou antwoord deur **TWEE OPEENVOLGENDE** woorde uit die leesstuk neer te skryf.
   *Die nuwer kuduzela het net een klank.*
6. Het baie sokkerondersteuners al die nuwe *kuduzela*? Motiveer jou antwoord.
7. Verduidelik kortliks hoe om die *vuvuzela* te blaas.
8. Kies die regte antwoord:
   *'n Koei wat die gees gee*, beteken:
   A 'n Koei wat siek is.
   B 'n Koei wat se gees uitgaan.
   C 'n Koei wat besig is om dood te gaan.
   D 'n Dooie koei.
9. Wanneer sal jy weet dat jy 'n vuvuzela kan blaas?
10. Waarvoor kan 'n vuvuzela nog gebruik word?
11. Dink jy 'n vuvuzela kan jou ore beskadig? Gee 'n rede vir jou antwoord.


## Skryf en aanbied

### Skryf: 'n Kort transaksionele teks (lengte: tussen 50 en 80 woorde)

Kyk na die prentjies hieronder en gee vir jou vriend puntsgewys instruksies hoe om sokker te speel.



Kopiereg voorbehou








[Verwerk uit *Sokker*]

**Woordeskat**

| | |
|---|---|
| Aangee: | Die bal word van speler na speler aangegee. |
| Kopstamp: | Spelers stamp die bal met hulle koppe. |
| Dribbel: | Hardloop met die bal voor hulle voete. |
| Takel: | Probeer die bal afneem by ’n ander speler. |

**Jy moet:**

- die instruksies beplan.
- ’n konsep skryf.
- die instruksies hersien en seker maak dat jou inligting korrek is.
- die instruksies redigeer en proeflees.
- jou finale aanbieding skryf en inhandig.

Kopiereg voorbehou

## **Taal in konteks: Voegwoorde** (*Conjunctions – Joining words*)

Ons gebruik voegwoorde om sinne te verbind.

As ons sinne met voegwoorde verbind,  is die woororde van die tweede sin nie altyd dieselfde nie. As die woordorde verander, sal dit altyd net die werkwoord wees wat skuif.

Wie kan nog onthou wat het gebeur toe ons ’n sin met want, daarom en omdat verbind het?


Die tabel hieronder verduidelik wat gebeur as ons sinne met ’n voegwoord verbind. Leer dit, want dan kan jy goeie sinne maak as jy ’n opstel of brief skryf.

| **Groep 1** | **Groep 2** | **Groep 3** |
|---|---|---|
| (Geen verandering in woordorde nie)<br>Sipho speel goed sokker.  Hy oefen hard. **(want)**<br>Sipho oefen sokker, **want** hy oefen hard**.** | (Die werkwoord staan direk na voegwoord.)<br>Sipho speel goed sokker. Hy oefen hard. ( **daarom)**<br>Sipho speel goed sokker **daarom** oefen hy hard. | (Die werkwoord skuif na einde van die sin.)<br>Sipho speel goed sokker. Hy oefen hard. (**omdat**)<br>Sipho speel goed sokker **omdat** hy hard oefen. |
| **Ander voegwoorde: leer dit!** | | |
| en (*and*)<br>maar (*but*)<br>want (*or*)<br>of (*or*) | dus (*therefore*)<br>daarom (*therefore*)<br>dan (then  (*in the future*)<br>toe  (then  (*in the past*)<br>nogtans  (*nevertheless*)<br>anders – (*otherwise*) | dat (*that*)<br>totdat (*until*)<br>voordat (*before*)<br>omdat (*because*)<br>terwyl (*while*)<br>sodat (*so that*)<br>aangesien (*seeing that*)<br>of (*if*) |

Kopiereg voorbehou

**Oefening 5: Voegwoorde**

Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies.




[Bron: *Sokker*]


1. Sokker is ŉ maklike spansport. Daar is net sewentien sokkerreëls. (want)
   Sokker is 'n maklike spansport, want ____
2. Die gras moet groen wees. Die spelers kry seer. (anders)
   Die gras moet groen wees, anders _____
3. Die doelwagter is in die doelhok . Sy spanmaats speel die veld vol.(terwyl)
   Die doelwagter is in die doelhok terwyl ______
4. Die sokkerveld is duidelik gemerk. Die spelers speel onkant. (nogtans)
   Die sokkerveld is duidelik gemerk nogtans ______
5. Die skeidsregter moet fiks wees. Hy hardloop saam met die spelers. (omdat)
   Die skeidsregter moet fiks wees omdat_____

## Taal in konteks: Voorsetsels (*Prepositions*)


Voorsetsels is kort woordjies soos vir, op, by, na.

Leer die gebruik van die volgende voorsetsels.

| | |
|---|---|
| dink **aan –** *think of* | vra **om** hulp – *ask for help* |
| koop **by –** *buy at* | kla **oor –** *complain about* |
| vlieg **bo –** *fly above* | sit **op –** *sit on* |
| soek **na –** *look for* | **per** trein – *by train* |
| wag **tot –** *wait until* | staan **teen –** *stand against* |
| trek **uit -** *undress* | in plaas **van –** *instead of* |
| bang **vir –** *scared of* | kwart **voor –** *quarter to* |




Kopiereg voorbehou




[Bron: *Sokker*]

## Oefening 6: Voorsetsels

Vul die korrekte voorsetsels in.

Daar is baie stadions 1. ____ ons land. Die Groenpuntstadion is 2. ____ die see en dit laat ŉ mens 3. ____ ŉ skip dink. Suid-Afrikaners is baie trots 4.___ Soccer City, want dit is die grootste stadion in ons land. Die stadion in Durban is vernoem 5. _____ Moses Mabida en ŉ kabelkar se spoor is 6. ____ die stadion gebou. Die mense van Port Elizabeth verkies die Nelson Mandelabaai-stadion 7. _____ al die ander stadions. Hulle is baie tevrede 8. ___ hulle stadion en hulle hou baie daarvan
9. ____ die stadion te besoek. Toeskouers kan 10. ____ trein na die stadions toe gaan. Ons stadions is die beste 11. ____ wêreld en ons is 12. ___ plan om ons stadions so te hou.

## Oefening 7: Hersiening

1. Leer die betekenis van die volgende woorde:

| |
|---|
| sokkergeesdriftige: *Soccer enthusias* |
| sokkerondersteuner: *Soccer supporter* |
| vlag: *flag* |
| laken: *sheet* |
| geverfde gesig: *painted face* |
| makarapa (mynhelm) : *hard hat* |
| slagspreuk: *slogan* |
| gunsteling: *favourite* |




[Bron: *Sokker*]

**Beantwoord die volgende vrae:**

2. Verander die volgende sinne in <u>bevelsinne</u>:

2.1 Hy skop die bal.

2.2 Sipho blaas die vuvuzela.

2.3 Die mense waai die vlae.

3. Verbind die sinne met die <u>voegwoorde</u> in hakies:

3.1 Sipho waai Pirates se vlag. Pirates is sy gunsteling span. (omdat)

3.2 Sipho dra 'n makarapa. Hy is bang vir die son. (want)

3.3 Sipho hou van 'n geraas. Hy blaas op die vuvuzela. (daarom)

4. Kies die regte <u>voorsetsels</u> om in die oop spasie in te vul.

| uit, in, per, aan, by, vir, met, op, voor, oor |
|---|

Sipho bly 4.1. _____ Soweto. Hy ry elke Saterdag 4.2___ trein om 4.3______ die stadion uit te kom. Sipho praat 4.4 _______ almal en hy lag saam 4.5______ alles wat op die veld gebeur. Hy is baie trots 4.6 _____ Pirates. Hy is nie bang 4.7 _______ die ander ondersteuners nie, want almal gee aandag 4.8 ______ hom. Hy wag altyd tot op die laaste 4.9 ____ hy huis toe gaan. Wanneer Pirates wen, trek hy nie sy klere 4.10 _______ nie, maar hy hou dit aan.

5. Skryf die <u>sinoniem</u> van die woorde tussen hakies.

5.1 Sipho is baie (gelukkig).

5.2 Die ondersteuners het betyds (opgedaag).

5.3 Sipho het (verniet) kos gekry.

6. Skryf die <u>antonieme</u> van die woorde tussen hakies.

6.1 Daar was (min) mense by die wedstryd.

6.2 Die koeldrank was (warm).

6.3 Sipho was die hele (nag) by die sokker.

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 7: Geld wat krom is ...

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * aan 'n groepsbespreking deelneem.<br>* 'n toespraak voorberei en lewer.<br>* sinne binne konteks voltooi.<br>* leer om woorde korrek uit te spreek. |
| Lees en kyk | * 'n begripstoets beantwoord. |
| Skryf en aanbied | * 'n voorbereide toespraak skryf. |
| Taalstrukture en -konvensies | * die verskillende tydsvorme hersien, oefen en opdragte beantwoord.<br>* leer om voegwoorde korrek te gebruik.<br>* leer om werkwoorde uit te soek.<br>* leer hoe om nuwe woorde te vorm.<br>* weer na verskillende sinsoorte kyk.<br>* kyk of jy nog 'n sin se woordorde korrek kan skryf.<br>* jou woordeskat uitbrei deur idiome te leer. |

## Luister en praat

Gesels in groepe oor die redes hoekom geld belangrik is.

**Kyk na die voorbeeld van 'n geldnoot hieronder.**





**WOORDESKAT**

- *iemand iets in die hand stop – vir iemand iets verniet gee*
- *iemand 'n rat voor die oë draai – om vir iemand te jok (to lie)*
- *jou hand diep in die sak steek – baie geld betaal*

**Beantwoord die volgende vrae in groepe:**

1. Kan 'n mens 'n nuwe fiets met hierdie geldnoot koop? Motiveer jou antwoord.
2. Watter ander papiergeld kry ons nog in Suid-Afrika?
3. Wat sou jy baie graag koop as iemand vir jou 'n R100-noot in die hand stop?
4. Hoekom, dink jy, vervals (*forge*) skelms geld?

Mense kan jou 'n rat voor die oë draai met vervalste geld. Kyk altyd of geld die volgende tekens het:




## Opdrag

## Formele assesseringstaak 5: - 'n Voorbereide toespraak (lengte: 1 – 2 minute)

Julle skool het R250 000 van 'n sakeman ontvang om julle skool te verbeter. Stel 'n lys op van alles wat jy dink die skool met daardie geld moet doen. Skryf dit in julle werkboeke en vergelyk (*compare*) mekaar se voorstelle.


Jy is die leier van die graad 10's. Skryf 'n formele toespraak wat jy in die saal gaan lewer om die sakeman (*business man*) te bedank.

**Gebruik die volgende wenke (*tips*) vir jou toespraak:**

**WENKE**

**Inleiding**: Verwelkom die sakeman en stel hom aan die res van die skool voor (2 sinne).

**Inhoud**: Verduidelik waarom julle geld gevra het (3 sinne).
Vertel wat die man se reaksie was (2 sinne).
Vertel wat julle met die R5000 gaan doen (4 sinne).
Bedank die man vir die geld (1 sin).



**Slot**: Sluit jou toespraak op die korrekte wyse af.

Onthou wie die teikengehoor is (wie gaan na jou toespraak luister) en pas dan jou styl en taalgebruik aan sodat almal sal verstaan wat jy in jou toespraak sê.

## Voor jy praat

* Beplan jou toespraak.
* Kies die regte woorde wat by jou toespraak sal pas.
* Skryf jou toespraak op gidskaarte (*cue cards*).
* Lees jou toespraak eers hardop vir jouself om seker te maak dat jy al die woorde maklik kan uitspreek. Jy kan ook ’n maat vra om vooraf na jou toespraak te luister en voorstelle vir verbetering te maak.

## Terwyl jy praat

* Gebruik jou stem om harder te praat wanneer jy wil beklemtoon.
* Maak oogkontak met jou gehoor.
* Praat duidelik en moenie haastig wees nie.
* Moenie stopwoorde soos “oukei” , “nou ja” of “goed” gebruik nie.
* Maak seker dat jou liggaamshouding (die manier waarop jy staan as jy praat) by die styl van jou toespraak pas. Sorg dat jou persoonlike voorkoms netjies is.

### Oefening 1: Blokraaisel

Gebruik die leidradehieronder om die blokraaisel in te vul. Jy sal van die antwoorde op die vorige bladsye kry. Jy gaan so nuwe woorde leer.

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| [1]V | | L | [9]S | | [2]P | O | | D | |
| | | | P | | | | | | |
| | | [3]K | A | | [12]R | T | [10] | | [11] |
| [8]R | | | N | | E | | | | |
| | | | | | | | R | | |
| [4]N | | T | E | | T | | O | | |
| D | | | E | | | | | | R |
| | [5]B | | R | | | | | | G |
| | A | | | | [6] | U | | T | E |
| | | | | | | | | | L |
| | [7]K | L | | I | N | G | | L | D |

| DWARS | | AF | |
|---|---|---|---|
| **1** | Geld wat nie ’n watermerk het nie, is ... | **5** | Die plek waar ’n mens se geld veilig gebêre word. |
| **2** | Die geldeenheid wat in Engeland gebruik word. | **8** | Munte is gewoonlik ... in vorm. |
| **3** | Mense gebruik ook bank-... om mee te betaal. | **9** | Ons gebruik dié woord om te sê dat ons geld uitgee. |
| **4** | ’n Ander naam vir papiergeld. | **10** | Die geld wat in Europa gebruik word. |
| **5** | Hierdie persoon skenk geld vir ’n goeie doel. | **11** | Geld wat jy bêre om later te gebruik. |
| **6** | ’n Mens kry papiergeld en ... | **12** | As ’n mens skuld (*debt*) het, betaal jy ... (*interest*). |
| **7** | Al die los sente (*change*) in ’n mens se beursie. | | |

Kopiereg voorbehou

# Lees en kyk

**Lees: Hoe goed verstaan jy 'n teks?**

## Voor jy lees

**Bespreek die volgende vrae in groepe:**
- Waar dink julle kom geld vandaan?
- Hoe het mense betaal voordat daar geld was?
- Wie, dink julle, is die rykste persoon in Suid-Afrika?

**Maak seker dat jy die die betekenis van die volgende woorde verstaan:**
- 'n Mynprins is die eienaar van 'n myn/hy besit baie myne.
- 'n Geldkoning is 'n baie ryk persoon.
- Wanneer jy 'n miljoen rand met 'n miljoen vermenigvuldig (*multiply*), kry jy 'n biljoen rand.
- 'n Staalmagnaat het ryk geword deur die verkoop van staalprodukte.
- Jy kraai koning wanneer jy die beste is.
- 'n Direkteur bestuur / beheer 'n baie groot maatskappy.

## Terwyl jy lees

1. Uit watter tydskrif kom hierdie artikel (*magazine article*) hieronder?
2. Dink jy Patrice Motsepe is 'n rolmodel vir die jeug? Verduidelik jou antwoord.

**DIE MYNPRINS, SUID-AFRIKA SE GELDKONING**



Patrice Motsepe is die rykste man in Suid-Afrika. Hy is 'n biljoenêr.

As kind wou hy altyd in alles eerste staan. Tweede beste was net nie goed genoeg vir hierdie seun nie.

En nou staan Patrice Motsepe (49) weer eerste. Hy is nou volgens die *Sunday Times* die rykste man in Suid-Afrika. Suid-Afrika se eerste swart biljoenêr het nou al byna R23 biljoen in vergelyking met sy R19,9 biljoen die vorige jaar.

Die Indiër, Lakshmi Mittal, die grootbaas van Arcelor Mittal SA, was die vorige ses jaar die rykste man. Nou moet hy met 'n tweede plek tevrede wees met net R20,8 biljoen in sy bankrekening.
Die enigste vrou op die lys van die 100 rykstes is Sharon Wapneck, 'n direkteur van Octodec Investments.

[Verwerk en verkort uit: *Die Huisgenoot*, 15 September 2011]

## Nadat jy gelees het

Lees die vrae hieronder aandagtig deur nadat jy seker gemaak het jy verstaan die woordeskat in die kassie.

Kopiereg voorbehou

## Oefening 2: Leesbegrip

### Beantwoord die onderstaande vrae.

1. Wie is die die rykste persoon in Suid-Afrika ?

2. Watter ander woord in die eerste reël pas by “rykste man”?

3. Is die volgende stelling WAAR of ONWAAR?

   Suid-Afrika se geldkoning het eers toe hy begin werk het, besef hy wil die beste wees.

   Motiveer jou antwoord met EEN sin uit die teks.

4. Hoekom is *Sunday Times* in skuinsletters gedruk?

5. Hoe sal jy jou stem gebruik om die woorde “eerste swart biljoenêr” te beklemtoon?

6. Hoekom dink jy is daar slegs een vrou onder die 100 rykste mense in Suid-Afrika?

- Assesseer jou antwoorde met behulp van die memorandum.


### Oefen die uitbreiding van woordeskat

Ons kan nuwe woorde vorm deur woorddele (stukkies woorde) voor of agter (of voor én agter) aan ’n woord te voeg. Sulke woorde is bv.

- kind
- vlam
- motor
- water

Hierdie woorde noem ons **STAMME**, want jy kan niks wegneem nie. Hulle staan op hulle eie.

Dink aan ’n stam van ’n boom sonder blare en takke – daar is niks wat jy kan afpluk (wegneem) nie



As jy vir so ’n stam blare bysit, kan jy ’n “nuwe” soort boom van daardie stam maak: ’n bloekomboom of ’n denneboom.

So is dit ook met woorde – as jy vir ’n woord se stam “blare” (woorddele) bysit, kan jy van daardie woord ’n klomp nuwe woorde vorm.

Kopiereg voorbehou

Doen die volgende oefeninge en kyk hoe jy elke maal nuwe woorde maak:

**Oefening 3: Meervoud en verkleining**

**Skryf die meervoude en die verkleining van die woorde in die tabel neer. Onderstreep elke keer die woorddeel wat 'n nuwe woord vorm.**

| Woord | Meervoude | Verkleining |
|---|---|---|
| bank | | |
| rand | | |
| geld | | |
| grootbaas | | |
| rekening | | |
| mynprins | | |
| myn | | |
| geldkoning | | |
| staalmagnaat | | |
| staalproduk | | |
| direkteur | | |
| maatskappy | | |

**Oefening 4: Teenoorgestelde geslag**

**Skryf die teenoorgestelde geslag van die onderstreepte woorde in die volgende sinne neer:**

1. Die bankbestuurderes is 'n gawe vrou.
2. Die eienaar van die myn is'n jong man.
3. Die kassiere tel die geld in die winkel.
4. Patrice is die direkteur van baie maatskappye.
5. Die boekhoudster skryf die inkomstes en uitgawes van die myn neer.
6. 'n Geldkoning is iemand met baie geld.

**Oefening 5: Intensiewe vorm**

**Pas die intensiewe vorm in Kolom B by die woord in Kolom A en maak dan 'n goeie sin sodat die betekenis van die intensiewe vorm duidelik is**.

| Kolom A | Kolom B |
|---|---|
| 1. arm | skatryk |
| 2. beroemd | peperduur |
| 3. ryk | spotgoedkoop |
| 4. duur | wêreldberoemd |
| 5. goedkoop | propvol |
| 6. leeg | brandarm |
| 7. vol | dolleeg |

Kopiereg voorbehou

## Die werkwoord en tye

’n Werkwoord is een van die woorde waarsonder niemand goeie sinne kan skryf nie.
Die werkwoord is die “doen-woord” in elke sin en dui aan of die werk wat in die sin gedoen word, gister gedoen is, of dit nou gebeur en of dit eers môre of later gedoen gaan word.
’n Werkwoord dui dus aan in watter **TYD** ’n sin geskryf is.

## Die tye in Afrikaans

| **TEENWOORDIGE TYD**<br><br>**(NOU)** | **VERLEDE TYD**<br><br>**(WAT REEDS GEBEUR HET)** | **TOEKOMENDE TYD**<br><br>**(MOET NOG PLAASVIND)** |
|---|---|---|
| Die werkwoord (doen-woord) staan alleen. | Die werkwoord (doen-woord) saam met *het* en *ge-* dui die verlede tyd aan. | Die werkwoord (doen-woord) saam met *sal* of *gaan* dui die toekomende tyd aan. |
| Patrice Motsepe **werk** baie hard. | Patrice Motsepe **het** baie hard **ge**werk. | Patrice Motsepe **sal**/**gaan** baie hard werk. |

| **ONTHOU!** |
|---|
| Werkwoorde wat met *be-*, *ge-*, *her-*,*er-*,*ont-* en *ver-* begin, kry **NIE** ge- in die verlede tyd **NIE**. |

### Oefening 6: Werkwoorde en vraagsinne

**Onderstreep die werkwoorde in die volgende sinne en dui aan in watter tyd die sinne geskryf is:**

1. ’n Biljoenêr koop alles waarvan hy hou.
2. Drie jaar gelede het Patrick Motsepe vir hom ’n mooi huis gebou.
3. Volgende jaar sal al die biljoenêrs baie belasting betaal.

Verander nou hierdie sinne na vraagsinne.

### Oefening 7: Woordorde

**Plaas die volgende woorde in die regte volgorde sodat dit verstaanbare sinne vorm**:

1. opgestaan; Patrice; soggens; het; vroeg
2. self; motor; sy; bestuur; hy
3. eendag; baie; sal; Patrice; myne; koop; nog

### Oefening 8: Verlede en toekomende tyd

**Skryf die volgende sinne eers in die verlede tyd en daarna in die toekomende tyd**:

1. Patrice is boaan die lys van ryk mense in Suid-Afrika.
2. Patrice verdien elke jaar baie geld.
3. Patrice koop luukse motors.

Kopiereg voorbehou

4. Patrice hou van mooi dasse en pakke klere.
5. Patrice onthou sy vrou se verjaarsdag.
6. Patrice gesels graag met sy bure.

## Skryf en aanbied: ’n Voorbereide toespraak

Lees die volgende uittreksel uit ’n toespraak wat Patrice Motsepe gelewer het toe hy die leerders aan die hoërskool waar hy skool gegaan het, toegespreek het.

Liewe leerders

Wat ’n baie lekker voorreg om na 28 jaar weer by my ou skool te kan kuier waar ek gematrikuleer het. Ek dink nou sommer terug aan die vyf jaar wat ek self in hierdie saal gesit het.

Ek het altyd geweet: al die hongerpyne, swaarkry en moeilike eksamens sal nie verniet wees nie. Dit was dinge wat my gehelp het om te besluit waarheen ek met my lewe op pad was.

My boodskap aan julle almal is om te glo dat jy die beste kan wees in enigiets wat jy wil doen. Moenie tevrede wees met net die gewone nie. Werk baie hard om bo julle omstandighede uit te styg.

Sorg dat julle elke dag hard werk; niks wat die moeite werd is, kom sonder harde werk nie.

En as jy eendag suksesvol is, onthou dan om altyd nederig terug te dink aan die moeilke tye en probeer om ’n verandering in ander mense se lewens te maak.

Dis dan nou vir my ’n groot voorreg om vandag ’n tjek ter waarde van R250 000 aan die skool te oorhandig as waardering vir wat hierdie skool vir my beteken het.

Ek groet julle met die volgende gedagte: niks is onmoontlik as jy in jouself en jou potensiaal glo nie.

Dankie vir die geleentheid!

**Beantwoord die volgende vrae oor die toespraak van Patrice Motsepe:**

- Met wie gaan Patrice praat?
- Dink jy die taalgebruik pas by die mense met wie Patrice praat?
- Wat was die doel van hierdie toespraak?
- Waaroor gaan elke paragraaf van die toespraak?

Kopiereg voorbehou

**Skryf die volgende voorbereide toespraak in jou klaswerkboek:**
Jy het ’n kontantprys gewen nadat jou opstel deur die ATKV as een van die vyf beste opstelle in ’n opstelkompetisie aangewys is. Skryf nou die toespraak wat jy gaan lewer wanneer die voorsitter van die ATKV jou prys vir jou by die skool kom oorhandig.

- Beplan eers jou toespraak. Kies ’n hoofgedagte vir elke paragraaf.
- Skryf ’n eerste weergawe. Dink aan die teikengehoor en taalgebruik. Onthou ook die doel van die toespraak.
- Lees jou toespraak vir ’n maat of jou onderwyser en vra wat hulle daarvan dink.
- Hersien en maak seker dat jou inligting korrek is.Verbeter jou woordkeuses, sinstrukture en paragrawe as dit nodig is.
- Redigeer en proeflees die toespraak.
- Skryf jou toespraak netjies oor en handig dit vir assessering in.

## Taal in konteks

### Voegwoorde

As ons langer sinne wil gebruik, moet ons van voegwoorde gebruik maak. Voegwoorde verbind sinne. Sommige voegwoorde word saam met ’n leesteken gebruik.

| **Groep 1 voegwoorde** | |
|---|---|
| | **Leesteken** |
| Thabo sal help./Mpho sal help.<br>Thabo **of** Mpho sal help. | Geen leesteken nie |
| Sibusiso is slim./Maria is slimmer.<br>Sibusiso is slim, **maar** Maria is slimmer. | ’n **Komma** voor maar |
| Genizwe het appels gekoop./Josef het pere gekoop.<br>Genizwe het appels gekoop **en** Josef het pere gekoop. | Geen leesteken nie. |
| Ons het gaan eet./Ons was honger.<br>Ons het gaan eet, **want** ons was honger. | ’n **Komma** voor want |
| **Groep 2 voegwoorde** | |
| Ek het baie werk./Ek *gaan* nie vanaand kuier nie.<br>Ek het baie werk, **daarom** *gaan* ek nie vanaand kuier nie. | ’n **Komma** voor daarom |
| Ons sal moet gou maak./ Ons *gaan* laat laat wees.<br>Ons moet gou maak, **anders** *gaan* ons laat wees. | ’n **Komma** voor anders |
| **Groep 3 voegwoorde** | |
| Thobeka is nie eensaam nie./Sy *het* baie maats.<br>Thobeka is nie eensaam nie **omdat** sy baie maats *het*. | Geen leesteken nie |

### Oefening 9: Voegwoorde

**Gebruik voegwoorde om die volgende sinne saam te voeg:**

1. Meneer sal vir ons die werk verduidelik. Ons moet dit dan gaan leer. (maar)
2. My ma sal my skool toe vat. Ek sal met die taxi moet ry. (of)
3. Ek is baie skaam. Ek het my boek vergeet. (omdat)
4. Pheto wil graag ’n dokter word. Hy leer baie hard. (daarom)
5. Charity sal kom kuier Kuhle sal kom kuier. (of)
6. Fekile sal harder moet werk. Sy gaan druip. (anders)

Kopiereg voorbehou

### Woorde wat soms verwar word (*confusing words*)

Baie woorde in Afrikaans klink dieselfde, maar hulle beteken nie dieselfde nie. Om seker te maak dat jy hulle nie verkeerd gebruik nie, moet jy die volgende woorde en hulle betekenis vir ’n klastoets leer:

| | |
|---|---|
| Ek **kan** baie vinnig hardloop.<br>Daar is koffie in die **kan**. | Die vrou **voed** (*to feed*) haar baba.<br>My **voet** is gebreek. |
| Hy draai die **bout** styf vas.<br>Ek het ’n pyn in my **boud**. | In die winter **lyk** die Vrystaat maar kaal.<br>’n Dooie mens se **lyk** word gewoonlik begrawe. |
| Gaan **haal** gou vir my die boek.<br>Die **hael** het ons hele oes vernietig. | Ek kan nie so ’n hoë **noot** sing nie.<br>Ek is in die **nood**, want my beursie is gesteel. |
| My **hart** klop baie vinnig.<br>Sy musiek is baie **hard**. | Ek **stap** graag lang ente in die veld.<br>Die volgende **stap** is om my werk op te som. |
| Ek **wed** jou jy is nie slimmer as ek nie.<br>Die **wet** waarsku mense om nie te steel nie. | Dit is die **end** van die pad.<br>Die **ent** op my arm is baie seer. |

## Praat vir spesifieke doeleindes

### Oefening 10: Voltooi die sinne.

Jou maat, Pheto, is ongelukkig omdat sy opstel nie as die beste in die ATKV-kompetisie aangewys is nie. Hy wil nou by julle Afrikaansonderwyser daaroor gaan kla.

Hieronder volg verskillende sinne wat Pheto kan gebruik as hy by julle onderwyseres wil kla. Julle moet net eers die begin van die sinne in kolom A met gepaste woorde in kolom B voltooi.

Skryf die volledige sinne in jou werkboek oor.

| KOLOM A | | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1 | Ek dink nie jy moet ... | A | liewers nie gaan kla het nie, dit sal niks help nie. |
| 2 | Jy behoort dit nie ... | B | dat Juffrou Malan agterkom jy is jaloers nie. |
| 3 | As ek in jou skoene was, sou ek ... | C | ’n klakous wees nie, dit gaan net sake erger maak. |
| 4 | Wat jy ookal doen, moet net nie ... | D | vir Juffrou Malan te gaan sê nie. |
| 5 | Jy moenie ... | E | Juffrou sal dink jy is ’n klakous |
| 6 | Jy moet dit maar liewers nie doen nie, want | F | te aanvaar dat jou opstel nie die beste was nie. |
| 7 | Jy behoort dit ... | G | hieroor kla nie, dis nie Juffrou Malan se skuld nie. |

### Verbeter jou uitspraak

Hoe beter jou uitspraak, hoe beter sal jy spel. En hoe beter jy spel, hoe beter sal jou punte vir skryfwerk wees.

Die volgende klanke in Afrikaans word met getuite lippe ( *pouted lips*) soos in die prentjie hier langsaan uitgespreek:

| | |
|---|---|
| uu | duur |
| eu | deur |
| ui | ruil |


www.visualphotos.com

Kopiereg voorbehou

**Oefening 11: Uitspraak**

Maak nou self nuwe woorde van die volgende deur uu, eu, of ui in te vul.
Spreek die woorde hardop vir jou maat uit en maak seker dat sy/haar lippe getuit is.

1. Ek dra die **n ... ... tste** skoene in die winkel.
2. As dit hard reën, moet ons onder sambrele (*umbrellas*) **sk ... ... l**.
3. 'n Mens haal deur jou **n ... ... s** asem.

**Oefening 12: Idiome**

Afrikaans het baie **idiome** wat met ryk en arm te doen het. Kyk of jy en 'n maat die volgende klompie sinne kan voltooi deur elke keer een van die woorde uit die blokkie te kies:


1. Die biljoenêr maak geld soos ...
2. Hy is met die goue ... in die mond gebore.
3. Die bedelaar op die straathoek is so arm soos 'n ...
4. Vroeg uit die bed maak die ... vet.

- **koning**
- **bossies**
- **lepel**
- **kerkmuis**









**Oefening 13: Afkortings / akronieme**

Skryf die afkorting vir die onderstreepte woorde:

1. Wat is die afkorting vir <u>rand</u> en <u>sent</u>?
2. Wat is 'n akroniem?
3. Skryf die volgende akroniem volledig uit – Unisa
4. Skryf ATKV volledig uit.

Kopiereg voorbehou


# Hoofstuk 8: Rolmodelle

In hierdie hoofstuk gaan jy:


| | |
|---|---|
| Luister en praat | * oor rolmodelle praat. |
| Lees en kyk | * humoristiese tekste lees.<br>* die kortverhaal vir waardering en begrip lees. |
| Skryf en aanbied | * woorde wat by ’n uitnodigingskaartjie gebruik word, leer.<br>* leer om ’n uitnodigingskaartjie te skryf.<br>* op prosesskryf fokus. |
| Taalstrukture en -konvensies | * woordeboeke gebruik.<br>* sinne redigeer.<br>* kort en lang klanke se spelreëls leer.<br>* sinonieme en antonieme gebruik.<br>* deelwoorde gebruik.<br>* die woordorde by enkelvoudige sinne oefen.<br>* ’n speltoets skryf. |

## Luister en praat: Rolmodelle

**Wat is ’n rolmodel?** (*role model*)
Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) is ’n rolmodel ’n persoon wat iemand anders as ’n model/voorbeeld gebruik om na te volg.




1.Meneer Nelson Mandela



2. Aartsbiskop Desmund Tutu




3.Oscar Pistorius



4. Kabelo Mabalane

[Bron: *Google-prente*]

1. Sê waarom elkeen van dié persone ’n rolmodel is.

## Praat: klasbespreking

### Praat oor die volgende:

- Aan watter eienskappe moet ’n rolmodel voldoen?
- Wat moet ’n rolmodel nie doen nie?
- Wie is jou rolmodel in Suid-Afrika? Hoekom is daardie persoon jou rolmodel?


### Praat: groepsbespreking (’n dialoog)

Verdeel in groepe van twee.
Gesels met mekaar oor die punte hieronder. Skryf nuwe woorde neer wat jy leer terwyl jy praat.

Kopiereg voorbehou

- Wie is ’n rolmodel in jou omgewing, dorp of woongebied? Vertel hoekom.
- Wie sien jy as ’n rolmodel in jou skool? Waarom dink jy is daardie persoon ’n rolmodel?
- Wie is ’n rolmodel in jou gesin/familie?  Hoekom is daardie persoon vir jou ’n rolmodel?

- **Iets om oor na te dink:**
- **Jy** kan **ook ’n rolmodel** vir ander leerders of mense wees.
- ’n Mens moet kies of  jy **’n slegte** of  **’n goeie rolmodel** wil   wees.
- Watter **soort rolmodel** wil jy graag wees?
- Kyk na die prentjie langsaan. Dink jy die diewe is rolmodelle?



Bron: *Afrikaans sonder Grense*, MML

## Luister

## Voor jy luister

Leer die woorde en hulle betekenis onder woordeskat hieronder. Die betekenis van die woorde kan jou help om die luisterteks beter te verstaan.

| Woordeskat | |
|---|---|
| rolmodel (*role model*) | omgee vir mense (*to care for other people*) |
| eerlik wees (*to be honest*) | steel (*to steal*) |
| omgewing ( *environment*) | woongebied (*township*) |
| dorp (*town*) | gesin (jou ma, pa, boeties en sussies) |
| musikant (*musician*) | familie (jou ooms, tannies, ouma en oupa) |
| jeugmisdadiger (*juvenile delinquent*) | gevangenes (*inmates*) |
| tronke (*jails*) | misdaad (*crime*) |
| huise van veilige bewaring (*places of safety*) | kultuur (*culture*) |

## Terwyl jy luister

- Luister na die teks wat vir jou voorgelees word.
- Maak aantekeninge terwyl jy na die teks luister.
- Luister weer na die teks.

**’N HART VIR JONGES – YIP SE TARISAI MCHUCHU-RATSHIDI**



[Verwerk uit *Vrouekeur*, 18 November 2011]

Kopiereg voorbehou

## Nadat jy geluister het

### Oefening 1: Luisterbegrip

Beantwoord die volgende vrae:
1. Hoe oud is Tarisai?
2. Waarvoor staan YIP?
3. Watter tronk het sy besoek?
4. Wat het haar baie in die tronk geskok?
5. Hoekom het sy by YIP begin werk?
6. Wat wil YIP graag bewys?
7. Waar werk YIP?
8. Wat is *Insider Art*?
9. Dink jy Tarisai sal suksesvol wees met haar werk by YIP? Motiveer jou antwoord.
10. Dink jy dit is goed om jeugmisdadigers te help? Motiveer jou antwoord.

## Leesbegrip

**Leer die volgende woorde om jou te help om die leesbegripteks te verstaan:**

| | | |
|---|---|---|
| emosie (*emotion*)<br>blydskap (*gladness / joy*)<br>gee nie om nie (*do not care*)<br>spyt (*sorry*)<br>nagmerrie (*bad dream*) | vies (*annoyed*)<br>aktiwiteit (*activity*)<br>knoffel (*garlic*)<br>goeie indruk (*good impression*)<br>grappig (*humorous*) | slang (*snake*)<br>gemanierd (*good mannered*)<br>ongemanierd *(bad mannered*)<br>spotprente (*cartoons*)<br>strokiesprente (*comic strips*) |

Kopiereg voorbehou

## Lees en kyk:

**Leesbegrip:** Lees die volgende spotprent en strokiesprente

**Oefening 2: Spotprente en strokiesprente**




[Bron: *Volksblad*, 5 Januarie 2012]

Beantwoord die volgende vrae oor die spotprente en strokiesprente:

1. Watter emosie wys die ouers?
2. Hoekom dink jy wys hulle die emosie?
3. Watter emosie wys die seun?
4. Dink jy die seun maak 'n goeie indruk? Motiveer jou antwoord.




Rapport, 30 Oktober 2011

5. Hoekom lê die telefoon op die tafel?
6. Wat dink jy wil die tweede raampie vir ons sê?
7. Hoekom, volgens Zits, antwoord niemand in raampie 3 die ma nie?
8. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord met 'n sin uit raampie 4.
   Die ma is nie lief vir haar man nie.


Kopiereg voorbehou

9. Wat is volgens Zits ongemanierd?
10. Wanneer het die pa gebel?
11. Hoekom is Zits se woorde in raampie 6 snaaks as jy raampie 5 lees?
12. Dink jy Zits het goeie maniere? Motiveer jou antwoord.




13. Verskaf ’n ander woord vir ’n Meester.
14. Gebruik ons vandag nog die woord meester vir ’n onderwyser?
15. Hoe weet jy dat die onderwyser in raampie 1 groot geskrik het?
16. Kyk na en lees raampie 2 en 3. Hoekom hardloop die onderwyser so vinnig uit die klas?
17. Watter stout ding het die seun gedoen?
18. Dink jy die seun hou van die onderwyser?
19. Dink jy die seun tree reg op teenoor die onderwyser?

## Lees: ’n Kortverhaal



## Lang Piet Mokoena deur Metsing Nteo

1 Lang Piet Mokoena was ’n baie bekende man in die gemeenskap. Wat die mense van Matwabeng betref, was hy die perfekte heer. ’n Man wat 1,88 m hoog in sy sokkies gestaan het, kon niemand as kort beskryf nie, daarom het hul hom "Lang Piet" genoem. Hy was ook bekend as die "vader" van die gemeenskap, want hy was ’n man met ’n sagte geaardheid.

Kopiereg voorbehou

2 Vir die lidmate van die *African Church of Zion* waar hy die dominee was, was dit ’n besondere voorreg om geestelik deur só ’n man gelei te word. Vir hulle het daar nie ’n betroubaarder siel in die wêreld bestaan nie. Hy was so te sê die samevatting van alles wat goed was. Hy het die bejaardes en die siekes gereeld besoek en vir hulle gebid. Die oorledenes het hy gratis begrawe. Dit het hy ook gedoen vir mense wat nie lidmate van sy kerk was nie, veral die armes. Jaarliks, in die winter, het minstens honderd bejaardes komberse van hom ontvang en vir Kersfees het hy vir hulle kruideniersware gegee.

3 Al hierdie dinge het hy nie ongemerk gedoen nie. Die mense het die man al hoe meer bewonder. Maar daar was ook vrae waarop hulle geen antwoorde kon kry nie, soos waar kry die man dan al sy geld? Die meubels in sy huis was baie mooi en duur. Selfs die klere wat hy en sy vrou gedra het, was hoog in die mode – en hulle motor was ’n spoggerige BMW. Die ander dominees het ongemaklik en minderwaardig in sy teenwoordigheid gevoel. Die gewone mens is geneig om stil te bly as stilte tot sy voordeel strek, en stil het hulle gebly.

4 Die lewe op Matwabeng het rustig voortgegaan – tot daardie noodlottige dag toe die laataandnuus op televisie die rustige gemeenskap met die krag van duisend donderslae getref het. Ongeveer sesuur daardie aand het die polisie ’n rooi BMW-motor net suid van Bethlehem probeer stop, maar dit het blitsvinnig verbygery. Die polisie het hom agtervolg, en toe hy steeds nie wou stilhou nie, het hulle waarskuwingskote in die lug begin vuur. Maar dit het die motor net vinniger laat ry. Die polisie was verplig om op hom te skiet.

5 Vyf skote later het hulle gesien hoe die motor van die pad af ry en koers kies die bos in. By nadere ondersoek het hulle ontdek dat die bestuurder noodlottig gewond is. Toe hulle die motor deursoek, het hulle ses sakke dagga en twee vuurwapens daarin gekry. Later het hulle uitgevind dat die wapens vroeër in rooftogte by winkels in die Bethlehem-, Matwabeng- en Marquad-gebiede gebruik is. Die BMW is ses maande tevore by ’n fabriek in Pretoria gesteel.

Kopiereg voorbehou

6 Lang Piet Mokoena is dié dag as die berugter rower "The Mask" ontmasker – die man wat snags geroof en dagga gesmokkel het en in die dag as die "dominee" bekend was.

[Bron: *Nuwe Afrikaans Sonder Grense*, MML]



Jaarliks, in die winter, het minstens honderd bejaardes komberse van hom ontvang.

**Woordeskat:**

**Paragraaf 1**
bekende (*well known*)
gemeenskap (*community*)
heer (*gentleman*)
geaardheid ( *personality*)

**Paragraaf 2**
lidmate (*members of a congregation*)
besondere (*special*)
voorreg (*privilege*)
oorledenes (*deceased*)
jaarliks (*yearly*)
dominee (*preacher*)
gratis (*free of charge - mahala*)
bejaardes (*elderly people*)

**Paragraaf 3**
onopgemerk (*unnoticed*)
bewonder (*admire*)
spoggerige (*smart*)
ongemaklik (*uncomfortable*)
minderwaardig (*inferior*)
teenwoordigheid (*presence*)

**Paragraaf 4**
rustig (*peaceful*)
noodlottige (*disasterous*)
laataandnuus (*late night news*)
donderslae (*thunder*)
ongeveer (*more or less*)
blitsvinnig (*very fast*)

**Paragraaf 5**
skote (*gun shots*)
deursoek (*search*)
ondersoek (*investigation*)
vuurwapens (*weapons*)
rooftogte (*robberies*)
fabriek (*factory*)

**Paragraaf 6**
berugte (*notorious*)
ontmasker (*expose*)
gesmokkel (*smuggled*)

## Oefening 3: Kortverhaal

Beantwoord die volgende vrae oor die kortverhaal.

1. Op watter plek speel hierdie kortverhaal af?
2. Hoekom het Piet Mokoena die naam Lang Piet gekry?
3. Noem twee karaktereienskappe van Piet Mokoena. Hoe weet jy dit?
4. Watter werk doen Piet Mokoena?
5. Piet Mokoena was 'n **beroemde** man. Gee 'n sinoniem vir die vetgedrukte woord.
6. Watter twee groepe mense is deur Piet Mokoena gehelp?
7. Tydens watter seisoen het hy komberse uitgedeel?
8. Hoe kon 'n mens sien dat Lang Piet Mokoena baie geld gehad het?
9. Wanneer het die mense die slegte berig oor Piet Mokoena gehoor?
10. Watter bewyse van misdaad is binne-in Piet Mokoena se motor gekry?
11. Hoe voel jy oor alles wat Lang Piet Mokoena gedoen het?
12. Watter ander bynaam het Lang Piet Mokoena ook gehad?

Kopiereg voorbehou

# Skryf en aanbied

## Skryf: kort transaksionele teks – 50 tot 80 woorde

Dit is mos lekker om ’n partytjie vir iemand te reël, veral as jy daardie persoon baie lief het of bewonder.

### Kenmerke van ’n uitnodigingskaartjie

| Uitnodiging | |
|---|---|
| Mnr. en Mev. Snyman → | *Wie word genooi?* |
| word hartlik uitgenooi | |
| na die | |
| een-en-twintigste verjaardagpartytjie → | *Waarvoor?* |
| van | |
| Lerato van Wyk | |
| op Vrydag 14 Augustus → | *Wanneer?* |
| om 19:00 → | *Hoe laat?* |
| te Bloemfontein stadsaal → | *Waar?* |
| (Nelson Mandela rylaan) | |
| Kleredrag: Formeel → | *Kleredrag?* |
| Antwoord asseblief voor 1 Augustus 2012. → | *Hoe en voor wanneer jy moet antwoord?* |
| Skakel Lerato: 084 274 8856 | |

### Opdrag: Ontwerp ’n uitnodigingskaartjie

Jou ma is jou rolmodel. Sy het baie hard gewerk om jou skool toe te stuur. Jy reël vir jou ma ’n verjaardagpartytjie om vir alles dankie te sê en moet vir al die gaste ’n uitnodigingskaartjie stuur.

**Jy moet:**

- die uitnodigingskaartjie beplan.
- ’n konsep skryf.
- die uitnodigingskaartjie hersien en seker maak dat jou inligting korrek is.
- die uitnodigingskaartjie redigeer en proeflees.
- jou finale aanbieding skryf en inhandig.

# Taal in konteks

### Woordeboekgebruik

Daar is verskillende soorte woordeboeke.

’n **Tweetalige woordeboek** help ’n mens om ’n woord in ’n ander taal op te soek.
’n **Verklarende woordeboek** help ’n mens om die betekenis van ’n woord op te soek.

### Oefening 4: Woordeboekgebruik
### Gebruik ’n woordeboek en skryf die verklaring vir die volgende woorde neer:

1. uitnodiging
2. rylaan
3. kleredrag
4. formeel

Kopiereg voorbehou

**Oefening 5: Redigering**
**Maak die taalfoute in die volgende sinne reg:**

1. ’N seun loop oor die pad.
2. Ek het posisie een in my klas gekry.
3. Is ons jeffrou en menneer baije kwaai.
4. mieta en ek loop by die dorp.
5. Ons gaan by die wenkel om groeente te koop.

## Klanke

Afrikaans bestaan uit kort en lang klinkers (klanke). Afrikaans is ’n fonetiese taal. Soos jy die woord hoor, so sê en skryf (spel) jy die woord. Dit is belangrik om die klanke in Afrikaans te ken. Daar is konsonante en vokale.

| **Kort vokale** |
|---|
| **a** |
| man |
| kas |
| **e** |
| pen |
| nek |
| **o** |
| kop |
| rok |
| **u** |
| bus |
| vrugte |
| **i** |
| dit |
| vis |

| **Lang vokale** |
|---|
| **aa** |
| maan |
| kaas |
| **ee** |
| peer |
| neef |
| **oo** |
| koop |
| rook |
| **uu** |
| muur |
| vuur |
| **ie** |
| siek |
| mier |

| **Diftonge** | |
|---|---|
| **ae** | **aai** |
| hael | slaai |
| nael | braaivleis |
| **eu** | **eeu** |
| seun | leeu |
| neus | eeu |
| **ou** | **ooi** |
| koud | mooi |
| vrou | rooi |
| **oe** | **oei** |
| boek | koei |
| soek | groei |

Nog ander diftonge is:

| **Diftonge** |
|---|
| **ei** |
| klein |
| vleis |
| **ui** |
| huil |
| tuin |
| **y** |
| hy |
| myne |

[*Afrikaans Handbook & Study Guide* – Beryl Lutrin, 2004]

## Oefening 6: Spelling

Onderstreep die korrekte woorde:

1. Die (man/ maan) werk by die biblioteek.
2. Die (man/ maan) skyn  in die nag.
3. Bêre die koffie in die (kaas/ kas).
4. (Kas/ kaas) word van melk gemaak.
5. Die (bom/ boom) se blare is groen.

Kopiereg voorbehou

6. Die soldaat gooi die (bom/ boom) weg.
7. ʼn (Mier/Muur) werk baie hard.
8. Verf die (mier/ muur) met rooi verf.

**Sinonieme:** **s**inonieme is woorde met amper dieselfde betekenis.
Leer die volgende sinonieme:

| | |
|---|---|
| lekker | heerlik |
| bang | bevrees |
| dom | onnosel |

| | |
|---|---|
| dalk | miskien |
| hoekom | waarom |
| arriveer | aankom |

| | |
|---|---|
| bly | gelukkig |
| grappig | snaaks |
| onbeskof | ongemanierd |

| | |
|---|---|
| dadelik | onmiddellik |
| present | geskenk |
| hartseer | ongelukkig |

**Oefening 7: Sinonieme**
Skryf die hele sin oor, maar vervang die onderstreepte woorde met ʼn sinoniem.

1. Die kos smaak lekker.
2. Die meisies is bly, want hulle het presente gekry.
3. Die seuns is treurig, want hulle het niks gekry nie.
4. Die onderwyseres sê die leerders moet dadelik klas toe gaan.
5. Die leerders lag en gesels terwyl hulle vinnig na die klas toe loop.

**Antonieme:** Antonieme is woorde met die teenoorgestelde betekenis.
Leer die volgende antonieme:

| | |
|---|---|
| arm | ryk |
| groot | klein |
| lui | fluks |
| mooi | lelik |
| wen | verloor |
| waarheid | leuen |
| lag | huil |

| | |
|---|---|
| baie | min |
| lank | kort |
| laat | vroeg |
| netjies | slordig |
| siek | gesond |
| vra | antwoord |
| droog | nat |

| | |
|---|---|
| begin | einde |
| dikwels | selde |
| hartseer | vrolik |
| praat | stilbly |
| vriend | vyand |
| vreugde | verdriet |
| vriendelik | onvriendelik |

| | |
|---|---|
| diep | vlak |
| vriendelik | nors |
| maklik | moeilik |
| slaag | druip |
| skuldig | onskuldig |
| vinnig | stadig |
| altyd | nooit ... nie |

**Oefening 8: Antonieme**
Skryf die hele sin oor, maar vervang die onderstreepte woorde met ʼn antoniem.

1. Die ryk man het baie motors.
2. Die lui leerder doen altyd sy huiswerk.
3. Die atleet hardloop vinnig en wen al die wedstryde.
4. Piet is nors en groet niemand nie.

**Oefening 9: Woordorde in enkelvoudige sinne**
Skryf die volgende sinne reg oor. Die werkwoord moet in die tweede posisie staan.

1. Elke aand ek doen my huiswerk.
2. Om sesuur ek gaan skool toe.
3. Saterdag ek het dorp toe gegaan.
4. Elke Sondag ons eet braaivleis.

**Oefening 10: Deelwoorde**
Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

1. Tarisai is ʼn (besoek) werker aan die tronk.
2. Sy reik ʼn (help) hand uit na misdadigers.
3. Tarisai wil graag die misdadigers se (dink) verander.
4. Die (huil) misdadigers moet almal lank in die tronk bly.

Kopiereg voorbehou

# Hoofstuk 9: Kies koers deur die vriendelike Vrystaat

In hierdie hoofstuk gaan jy:

| | |
|---|---|
| Luister en praat | * oor die Vrystaatse wapen en kaart praat.<br>* in ’n formele toespraak van ’n Vrystaatse dorp vertel. |
| Lees en kyk | * ’n inligtingsteks oor die Vrystaat lees en vrae daaroor beantwoord. |
| Skryf en aanbied | * ’n opstel skryf. |
| Taalstrukture en -konvensies | *woordeskataktiwiteite doen.<br>* voorsetsels en trappe van vergelyking invul.<br>* voegwoorde en intensiewe vorme leer.<br>* tye en direkte en indirekte rede hersien.<br>* ontkenning en werkwoorde hersien.<br>* samestellings en afleidings hersien. |

## Luister en praat

**Praat:** Oor die Vrystaat

Die Vrystaat is Suid-Afrika se vierde grootste provinsie.

Kom ons kyk hoe goed julle algemene kennis is. Watter provinsies grens almal aan die Vrystaat?



Elke provinsie het soos ’n skool ook sy eie wapen. ’n Wapen gee gewoonlik simbole (*symbols*) wat die waardes van die skool of provinsie verteenwoordig. Kyk mooi na die wapen van die Vrystaat. Werk in groepe en maak ’n lysie van alles wat jy op die wapen sien, byvoorbeeld ’n kroon. Die lysie met woordeskat op die volgende bladsy kan jou dalk help.

Kopiereg voorbehou




**Oefening 1: Woordeskat**

Gebruik 'n woordeboek en soek die betekenis van die volgende woorde:

| Woord | Betekenis |
|---|---|
| 1. Jagluiperds<br>2. Lelie<br>3. Kroon<br>4. Mieliekoppe<br>5. Koringare<br>6. Diamante<br>7. Leuse<br>8. Grens<br>9. Koers<br>10. Skild<br>11. Voorspoed<br>12. Wapen | |

Voltooi die volgende tabel deur te sê wat dink jy elkeen van die simbole op die wapen beteken:

| Simbool | Betekenis |
|---|---|
| 1. Jagluiperds<br>2. Oranjerivierlelies (blomme)<br>3. Kroon<br>4.Die mieliekoppe, koringare en diamante wat deel van die kroon is.<br>5. Die leuse *Katleho Ka Kopano* | |

Kopiereg voorbehou

# Taal in konteks

## Oefening 2: Voorsetsels

Skryf die paragraaf korrek oor deur die korrekte voorsetsels te kies.



Die Vrystaat is (in/aan) die middel (van/oor) Suid-Afrika. Alle **belangrike** paaie loop (in/deur) dié **rustige** provinsie. Dit het een internasionale grens, want die koninkryk (vir/van) Lesotho lê (aan/tot) die **pragtigste** oostekant.
Die **wye** Vrystaat is **bekend** (na/vir) sy **gesonde** mielies. Mielies word **ver** (in/op) die noordweste geplant. Die provinsie plant ook die **meeste** aartappels (in/by) ons **vrugbare** land. Daar word (van/met) skape (in/vir) die ooste en suide (van/met) die **produktiewe** provinsie geboer. Noord en oos (van/oor) Bloemfontein word daar (met/teen) beeste geboer.

[Bron: *Google Images*]

## Oefening 3: Woordeskat

Kyk of jy die vetgedrukte woorde in die bostaande teks by die beskrywings en Engelse woorde kan pas.

| Beskrywing en Engelse woorde | Vetgedrukte woord |
|---|---|
| 1. minder stresvol (*more tranquil*) | |
| 2.heel mooiste (*most beautiful*) | |
| 3. weet daarvan (*known*) | |
| 4. nie naby nie (*not far*) | |
| 5. met meer betekenis ( *more important*) | |
| 6. met minder siektes (*healthy*) | |
| 7.die grootste getal (*the most*) | |
| 8. met waarde (*productive*) | |
| 9. wat goeie oeste gee (*fertile*) | |
| 10. nie klein en nou nie (*outstretched*) | |

## Oefening 4: Trappe van vergelyking

Voltooi die volgende tabel:

| Stellende trap | Vergrotende trap | Oortreffende trap |
|---|---|---|
| 1. belangrike | | |
| 2. | rustiger | |
| 3. | | pragtigste |
| 4. wye | | |
| 5. bekend | | |
| 6. | gesonder | |
| 7. ver | | |
| 8. | | meeste |
| 9. vrugbare | | |
| 10. produktiewe | | |

Kopiereg voorbehou

# Lees en kyk

**Lees: ’n Inligtingsteks**

## Voordat jy lees

* Kyk na die titel en die prentjie en voorspel dan waaroor die teks gaan handel.

## Terwyl jy lees

### Woordeskat

**broodmandjie:** *breadbasket;*’n houer waarin jy brood sit
**fietsry:** *biking:* om rond te ry met ’n fiets
**geskiedenis:** *history;* iets wat gebeur het
**graan:** *grain/corn*; ’n plant waarvan jy met die saad kos kan maak
**rotse:** *rocks;* groot klippe
**sandsteen:** *sandstone;* klippe van sand
**slagveld:** *battlefield;’*n plek waar daar oorlog (*war*) gevoer is
**staproetes:** *hiking trails;* plekke waar jy in die natuur kan stap
**vakansie:** *holiday;* ’n tyd wanneer jy nie werk nie

## Verkyk jou aan die Vrystaat!

Vir baie mense is die Vrystaat ’n wonderlike plek. Hulle hou van die plat koringlande in die noorde tot by die interessante rotse van die berge in die suide. Die Vrystaat is bekend vir sy vriendelike mense, heerlike kos en stadiger lewe. Dit word die broodmandjie van Suid-Afrika genoem omdat 70% van die land se graan van daar kom. Die Vrystaat het die beste goud- en diamantmyne in Suid-Afrika .

Jare lank het mense net deur die provinsie gery op pad na Gauteng, die Kaap, KwaZulu-Natal of Lesotho. Vandag sien jy orals motors met vreemde registrasienommers wat in die Vrystaat vakansie hou.

Daar is baie in die Vrystaat om te doen. Jy kan parke in die natuur besoek, gaan voëls kyk, staproetes volg, perdry, kampeer, bergklim, 4 by 4- roetes ry en deur pragtige plekke met fietse ry.



Die **Maluti-roete** gaan deur die pragtige Oos-Vrystaat met sy berge en sandsteen rotse.

Op die **Goudveld-roete** leer jy die interessante geskiedenis van die goudmyne in Lejweleputswa .

Volg die **BBT-roete**; Bloemfontein, Botshabelo en Thaba Nchu. Hier sien jy drie plekke wat naby mekaar is, maar groot kultuurverskille het.

Die **diamant- en wynroete** bring jou na Jagersfontein waar jy die grootste mensgemaakte oop myn kan sien. Nie ver daarvandaan is Jacobsdal wat bekend vir sy heerlike wyne is.

Die **stoomtreinroete** loop van Bloemfontein na Bethlehem deur Maseru en Ladybrand.

Kopiereg voorbehou

## Nadat jy gelees het

Beantwoord die vrae in Oefening 5

### Oefening 5: Leesbegrip

1. Noem TWEE dinge wat vir mense in die Vrystaat wonderlik is.
2. Watter DRIE dinge maak die Vrystaat bekend?
3. Die Vrystaat word die broodmasjien van Suid-Afrika genoem.
   Is die stelling WAAR of ONWAAR?
   Haal EEN WOORD uit die teks aan om jou antwoord te bewys.
4. Noem twee soorte myne in die Vrystaat.
5. Voltooi die sin:

   Mense in motors met ... registrasienommers hou in die Vrystaat ...


6. Voltooi die tabel:

| Naam van die roete | Waar is die roete? | Wat kan jy daar sien? |
|---|---|---|
| A Die stoomtreinroete | | |
| B | Lejweleputswa | |
| C | | berge en sandsteen rotse. |
| D | | mense met groot kultuurverskille |
| E | Jagersfontein | |

7. Waarom sal jy in die Vrystaat wil gaan bergklim?
8. Waar sal jy graag in die natuur wil gaan stap? Waarom sê jy so?

## Taal in konteks: Voegwoorde en intensiewe vorme

**DIE ALLEMANSKRAALDAM, WAAR JY RUS VIR JOU SIEL KRY**




Kopiereg voorbehou

**Oefening 6: Voegwoorde**
Vul die regte voegwoorde in.

| want, daarna, anders, omdat, terwyl, as, voordat, sodat, nadat, daarom |
|---|

1. Mense hou van die Vrystaat _______ dit stil en rustig is.
2. Aldam naby Winburg is so ŉ plek, _________ gaan baie toeriste wat moeg is, daarheen.
3. Dit is maklik om daar te kom, __________ dit lê teenaan die N1.
4. Kom koel in die helder blou swembad af___________ jy ver gery het.
5. Ry deur die wildtuin by Aldam_________ jy groot en klein wilde diere kan sien.
6. Neem koue water saam, ____________ gaan jou keel droog word.
7. ___________ jy daar op 'n warm dag is, kan jy aan al die verskillende watersportsoorte deelneem.
8. _________ jy die volgende oggend verder ry, kom eet ŉ lekker boereontbyt in die restaurant.
9. Hou eers êrens in die mooi Vrystaat stil, ______ kan jy verder ry.
10. ___ jy eers een keer in die Vrystaat was kom jy graag weer terug.

**Oefening 7: Intensiewe vorme**

1. Die Vrystaat is **stil** en rustig.
2. Aldam naby Winburg is ŉ vakansieoord waar baie toeriste wat **moeg** is, gaan rus.
3. Dit is **maklik** om na Aldam te ry.
4. Toeriste koel in die **blou** swembad af.
5. Ry deur die wildtuin by Aldam waar daar groot en **klein** wilde diere is.
6. Neem **koue** water saam, omdat jou keel **droog** gaan word.
7. Op 'n **warm** dag kan jy aan watersport deelneem.
8. Die restaurant bied ŉ l**ekker** ontbyt aan.
9. Kom hou eers êrens in die **mooi** Vrystaat stil.
10. As jy eers een keer in die Vrystaat was, kom jy **graag** weer terug.

**Oefening 8**: **Tye, direkte en indirekte rede**




Kopiereg voorbehou

## CLARENS, DIE TOERISMEDORP VIR 2011

**Gebruik die leidrade in die regterkantste kolom om die aktiwiteit te doen.**

| | |
|---|---|
| 1.Die beoordelaars het die drie dorpe, Bethlehem, Clarens en Upington, besoek. | 1. Skryf in die teenwoordige tyd. |
| 2. Hulle besluit dat Clarens moet wen. | 2. Skryf in die toekomende tyd. |
| 3. Clarens was ook in 2009 ŉ topdorp. | 3. Skryf in die teenwoordige tyd. |
| 4. Johan Hattingh sê: "Clarens het baie dinge wat toeriste kan doen." | 4. Skryf in die indirekte rede. |
| 5. Hy sê: "Die dorp weet wat ŉ toeris wil hê." | 5. Skryf in die indirekte rede. |
| 6. Hy sê ook: "Hulle verstaan toerisme en kyk na die dorp." | 6. Skryf in die indirekte rede. |
| 7. Lientjie Mentz sê dat sy kon sien hoe die gemeenskap saamwerk. | 7. Skryf in die direkte rede. |
| 8. Hettienne von Abo-Moolman sê dat die dorp se produkte van die beste is. | 8. Skryf in die direkte rede. |
| 9. Sy hou baie van die restaurante, kuns en musiek op die dorp. | 9. Skryf in die verlede tyd. |
| 10.Die wendorp in die kompetisie wen R55 000 om toerisme te verbeter. | 10. Skryf in die verlede tyd. |

[Verwerk uit; http://www.mysubs.co.za/Article/s_511780/3/0/,Sprokiesagtige Clarens die wenner]

**Leer die volgende veranderings wanneer 'n mens sinne in die ontkennende vorm wil skryf:**

| | | |
|---|---|---|
| nog | → | ooit |
| iets | → | niks |
| al | → | nog nie |
| iemand | → | niemand |
| êrens | → | nêrens |
| al ooit | → | nog nooit |

| KOM KUIER OP KOFFIEFONTEIN | |
|---|---|
| Het jy al ooit van so ŉ snaakse naam vir ŉ dorp gehoor? Kom koffie êrens uit ŉ fontein? Baie jare gelede het transportryers gereeld hier by ŉ fontein gestop om koffie te maak en partykeer te slaap. Gou het hulle die plekkie Koffiefontein genoem. Op ŉ dag het een van hulle meer as ŉ koffieboontjie opgetel. Dit was ŉ diamant. Iemand het die nuus versprei en mense het na die plek gestroom om gou ryk te word. |   |

Kopiereg voorbehou

**Leer die volgende:**

| |
|---|
| **transportryers**: mense wat goed van die een plek na die ander ry om te verkoop<br>**koffieboontjie**: iets wat fyngemaak word sodat jy dit kan kook en drink<br>**nuus versprei:** iemand vertel vir almal dat iets gaan gebeur<br>**mense na die plek gestroom**: baie mense het na die plek gegaan<br>**ryk:** as jy baie geld het |

**Oefening 9: Ontkenning**
Skryf die hele paragraaf van die teks **Kom kuier op Koffiefontein** in die ontkennende vorm.

**Oefening 10: Taal in konteks**
Gebruik die leidrade in die regterkanste kolom om hierdie opdrag te doen.

| | |
|---|---|
| 1. Vandag; word; uitgehaal; daar nie meer diamante; nie. | 1. Rangskik die sinsdele in die regte orde. |
| 2. Kom kyk na die volgende interessante plekke. | 2. Skryf twee werkwoorde neer. |
| 3. Die **fontein** is by die dorp se ingang. | 3. Gee die meervoud van die vetgedrukte woord. |
| 4. Die voëlpark het baie spesies voëls van Suid-Afrika. | 4. Skryf die sin in die verlede tyd. |
| 5. Die De Beers oopmyn; ook by Koffiefontein; is. | 5. Rangskik die sinsdele in die regte volgorde. |
| 6. Die skrywer Etienne le Roux se plaas se naam (was/het) *Ja-Nee*. | 6. Kies die korrekte werkwoord. |
| 7. Elke oomblik op Koffiefontein is ŉ belewenis. | 7. Skryf die sin in die verlede tyd. |
| 8. Voor ŉ mens gaan vakansie hou, moet jou (vakansie + planne) gereed wees. | 8. Vorm ŉ samestelling. |
| 9. Honger reisigers kan lekker (pad+kos) langs die pad geniet. | 9. Vorm ŉ samestelling. |
| 10. (Mense wat toer), geniet dit om deur die Vrystaat te ry. | 10. Vorm ŉ afleiding van die woorde tussen hakies. |

## Skryf en aanbied: ŉ Opstel – 150 tot 180 woorde

Skryf ŉ opstel oor ŉ fantastiese vakansie wat jy in die Vrystaat gehad het.

| | |
|---|---|
| * Beplan jou konsep.<br>* Maak ŉ lys van woorde wat jy kan gebruik.<br>* Beplan jou opstel sodat dit uit drie dele bestaan:<br>ŉ inleiding<br>ŉ middel<br>ŉ slot |  |

Kopiereg voorbehou

| | |
|---|---|
|  | *Gebruik jou beplanning en skryf jou opstel eers rof neer.<br>* Onthou die hele tyd waaroor jy skryf.<br>* Skryf in die verlede tyd as jy ŉ verhalende opstel skryf.<br>* Gebruik die korrekte woordorde. |
| * Redigeer jou rofwerk. Proeflees jou opstel en kyk veral na spelling, leestekens en woordorde.<br>* Skryf nou jou opstel finaal oor.<br>* Maak seker jou opstel het ŉ titel.<br>* Tel hoeveel woorde jy gebruik het.<br>* Lees jou opstel weer deur en sorg dat alles korrek en netjies is. |  |

**Assesseringstaak: ’n Voorbereide toespraak**

Jou dorp is een van die finaliste vir die Toerismedorp van die Jaar. Jy moet vir die beoordelaars in ŉ formele toespraak sê waarom jou dorp moet wen.

**Voor jy praat:**
* Doen navorsing oor jou dorp. Kry inligting by ŉ inligtingsburo, ŉ biblioteek of die internet.
* Beplan jou toespraak sodat dit ŉ inleiding, ŉ middelste gedeelte en ŉ slot het.
* Dink aan hoe jy die beoordelaars se aandag kan hou.
* Skryf jou toespraak uit en leer dit sodat jy nie heeltyd na jou notas moet kyk nie.
* Oefen jou toespraak voor ŉ spieël om te sien hoe jy lyk as jy praat.

**Terwyl jy praat:**
* Praat duidelik sodat almal jou kan hoor.
* Gebruik pouses sodat die mense kan dink waaroor jy praat.
* Praat met gevoel sodat mense na jou wil luister.
* Praat sag dan weer hard, vinnig en dan weer stadig
* Kyk die mense wat luister in die oë.
* Maak jou praatjie interessant met plakkate brosjures, foto’s of prente.

Kopiereg voorbehou